# 26 Januarie 2024 - Lesing 224 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

**Elke gees is ‘n oergees, geval of nie –** 1/10/61

**NO: 8008a** Op My Stem moet julle ag slaan as sy in julle weerklink, want My Gees sal julle in alle waarheid lei. En as julle in die waarheid onderrig wil word, dan kan julle **dit slegs van Myself ontvang, Wie die Ewige Waarheid is.**

Toe Ek die wesens van My Liefde eertyds buite My geplaas het, was elke wese ‘**n “ek-bewuste” gees**, wat met My in die innigste verbinding gestaan het en steeds deur My Liefde deurstraal was. Die deurstraling met Liefde het die wese in ‘n toestand van uiterste helder insig gebring. Hy het in die lig gestaan en het ‘n besef van Myself gehad en van alles wat om hom heen was. **Elke wese was ‘n goddelike gees wat onmeetlik salig was**.

En tog vind daar om redes, wat al dikwels aan julle verklaar is, ‘**n afval plaas van ontelbare wesens van My,** ofskoon daar ook **vele aan My getrou gebly** het. Die eerstes het hulle lig verloor, terwyl die laastes in ‘n onmeetlike volheid van lig bly bestaan het en My teenstander, - die eerste gevalle oergees, - **nie in die diepte gevolg het nie**. En met hierdie oergeeste wat by My gebly het, skep en werk Ek in die oneindigheid.

Julle mense weet egter dat Ek vir My ‘n vergoddeliking van al die geskape wesenlike ten doel gestel het en dat hierdie vergoddeliking **deur die vrye wil van die wese self** verwesenlik moet word.

Julle weet waarom die wesens eens geval het en julle het ook kennis verkry van My heilsplan van Ewigheid, dat Ek die terugkeer van al die gevalle geestelike voor oë het en wat ook verseker eens bereik sal word.

Julle weet dat die “**kindskap” van God** die hoogste doel is en dat alle wesens wat as mens oor die aarde gaan, volgens die plan van ewigheid, ook die kindskap van God op hierdie aarde kan bereik, - **as die vrye wil dit maar ernstig sal nastreef.** En gevolglik sal die eens van My afgevalle wese dan die hoogste graad van saligheid bereik.

Hy het dan tot My “ewebeeld” geword, hy kan skep en werk uit heeltemal vrye wil en tog sal hierdie wil heeltemal aan Myne gelyk wees. Die wil word nie meer deur My bepaal nie, **maar My kind het heeltemal in My Wil opgegaan** en is daarom ook onmeetlik salig.

En ook My geestelike wesens, wat by My gebly het, streef hierdie verhoogde graad van saligheid na; want ofskoon hulle regstreeks met My in verbinding staan, ofskoon hulle ook steeds deur My Liefdeskrag deurstraal word, is hulle tog wesens geskape volgens My Wil, - wat nie anders kan dink en handel as volgens My Wil nie en as gevolg daarvan altyd net uitvoerders van My Wil is.

Om die verskil hieroor aan julle mense duidelik te maak, vereis ook wel ‘n hoë graad van rypheid wat julle nog nie besit nie. En daarom kan Ek dit slegs aan julle verklaar na die mate van julle begrensde denke, soos wat julle menslike verstand dit kan begryp. Want deur julle val in die diepte het julle nou eenmaal elke diep insig oor alle samehang in die geesteryk verloor en het nou op aarde nog nie tot hierdie hoogste insig gekom nie.

Tog is dit vir julle voldoende om te weet dat ook hierdie wesens wat aan My getrou gebly het, **eenmaal ook die weg oor die aarde moet gaan, om die titel “kind van God” te verwerf,** wat hulle saligheid nog mateloos sal verhoog.

En hierdie weg oor die aarde vereis dan ook ‘n lewe in die vlees, ‘**n bestaan as mens**, net soos wat die gevalle geestelike ook die weg moet aflê om sy wilsproef te deurstaan.

‘n Liggees wat homself op aarde wil beliggaam, sal as verblyf ‘n **aardse liggaam kies** waarvan die geestelike substansies al ‘n sekere rypheid bereik het, sodat ‘n liggees dit nou in besit kan neem, terwyl hy die dooie uiterlike vorm, - die menslike liggaam - dan eers die lewe gee en hy nou in daardie liggaam sy aardse weg begin.

Hierdie liggees is gevolglik die geestelike krag wat moet instroom in ‘n menslike liggaam, **wat nou as mens in die wêreld gebore word** en wat eers dan kan lewe, as hierdie geestelike krag, die siel, die goddelike Asem, - in hierdie uiterlike vorm ingeblaas word deur My alomvattende Vaderliefde, wat Homself die vergoddeliking van al Sy geskape wesens tot kinders ten doel gestel het.

En nou gee hierdie hemelse gees - as siel - aan die mens die lewe. En omdat die substansies van die liggaam, (al is hulle suiwerder as by die meeste mense), self nog onuitgeryp is, omdat sy in die wêreld van My teenstander ook aan sy invloed onderhewig is en omdat die hemelse gees op aarde ook ‘n geestelike opdrag te vervul het en meestal niks van sy herkoms weet nie; moet dus die siel, haar eie ‘ek’ teen alle aanvegtinge wat van buite op haar afkom, weerstand bied.

Sy moet teen alle neigings en drifte bestry wat die liggaam nog aankleef, omdat sy deur alle skeppingswerke heengegaan het. **Hierdie gees wat ‘n engel is,** moet meestal ‘n uiters moeilike weg op aarde aflê waarin sy vrye wil nie mag faal nie, waarin die mens altyd weer sy toevlug tot My, as Sy Vader, moet neem, om nie die krag te verloor wat hy op die aarde nodig gaan hê nie.

Want die volheid van lig en krag as hemelse gees het hy **vrywillig opgegee** toe hy die weg oor die aarde begin het. Maar die band met My is so sterk, omdat ‘n ongewone vurige liefde so 'n mens deurstroom, wat ook die sekerste waarborg is dat hy sy doel sal bereik, **dat hy as “My kind” tot My sal terugkeer**, omdat dit

voorheen sy grootste verlange in My Ryk was.

Hierdie ontwikkelingsgang sal by elke liggees dus dieselfde wees. Steeds betrek hy as siel ‘n aards-materiële uiterlike vorm, wat ‘n meer of minder sterk invloed sal uitoefen deur haar uiteenlopende soorte geaardhede en wat aan die siel menige doele sal stel, want hierdie uiterlike vorm sal ook altyd deur die aardse materie heengegaan het, tensy, buitengewone invloede haar substansies al vooraf so gelouter het dat sy baie vinnig met die eise van My goddelike Geesvonk instem, wat in die mens beliggaamde ligwese besonder sterk straal **en ‘n algehele vergeesteliking van alle substansies vinniger teweeg kan bring.**

En so was die Siel van Jesus ‘n hoogste Liggees. Ook Hy het ‘n aards-materiële uiterlike vorm betrek. Ook Hy het hierdie vorm eers die lewe gegee toe Hy as Siel die uiterlike vorm in besit geneem het, **toe Hy op aarde gebore was.**

Die Houer (Maria) wat Hom ter wêreld gebring het, **was suiwer en vlekkeloos**. Sy verwekking was geen minderwaardige daad van die sinne nie. En tog was Sy liggaam gelyk aan die van alle ander mense, omdat Hy die werk van vergeesteliking moes volbring as voorbeeld, wat ook alle mense moes navolg en ook kon doen.

Ook Sy Siel, hoewel van bo, was deur onrype wesensdele gekwel, waarvan Hy Homself nie mog bevry het nie, wat Hy op grond van Sy Liefde ook moes vergeestelik, **wat ‘n sware arbeid aan Homself vereis het** en so 'n arbeid moet ook elke hemelse gees in die aardse lewe volbring. Want die weg deur die diepte beteken ‘n stryd en oorwinning van alles wat deel uitmaak van die diepte en homself ook by hierdie mense uitleef.

Sy groot liefde het hierdie arbeid egter met volharding en geduld verrig. Hy slaag om liggaam en siel te vergeestelik, dit wil sê, ook die nog onontwikkelde substansies wat hulself by die siel gevoeg het, te verlos, **hulle tot algehele orde in Homself te bring** en tegelykertyd ‘n hoë missie te volbring waarvoor Hy homself vrywilliglik vir My aangebied het.